

Kies melk met nuwe tegnologie

Israeliese tegnologie is 'n bekende gesig in meer as 200 melkstalle regoor Suid-Afrika, en nou is daar nuwe tegnologie wat verskillende soorte melk onmiddellik skei sodat melkaankopers hul voorkeur kan uitoefen.

PLAASINLIGTING

LIGGING: Herzliya, Israel

NAAM: Hof Hasharon

GROOTTE: 13 ha (slegs melkaanleg)

EIENAARSKAP: Word gesamentlik besit deur drie kibboetse (Shefayim, Gaash en Yakum)

VERTAKKINGS: Holstein-beeste

RANTSOEN: Totale gemengde rantsoen. Kuilvoer word hoofsaaklik van koring gemaak, want mielies moet besproei word.

GEMIDDELDE REËNVAL: 550 mm per jaar

KORTOM

- Nuwe tegnologie meet die samestelling van melk en verdeel dit dan volgens melkkopers se behoefte vir kaasproduksie of vloeibare produkte.
- Dit het verwerkers se kaasproduksie-opbrengs met 15% opgestoot.
- Dit verminder arbeid- en energiekoste in die melkstal.



Afimilk se MCS-stelsel ('n intydse melk-klassifiseringsdiens) verdeel melk volgens die samestelling van bestanddele, soos vet, proteïen, laktose en verdikkingseienskappe.

Dié deurbraak kan heelwat waarde tot 'n boer se melktjek voeg, want nou kan jy aan melkverwerkers gee presies wat hulle nodig het.

In Israel het melkverwerkers boonop hul kaasproduksie-opbrengs met tot 15% verhoog. Die werkproses en logistiek is ook aansienlik meer vaartbelyn.

Die MCS-stelsel word reeds op Afimilk se Hof Hasharon-melkplaas naby Herzliya in Israel gebruik. Op dié tegnologie gevorderde plaas word 2 000 beeste (1 100 melkkoeie en 900 verse) op sowat 13 ha aangehou. Die koeie word drie keer per dag gemelk. Arbeid is 'n skaars gesig op die gemeganiseerde plaas en net 18 mense werk daar (sommige dienste, soos kunsmatige inseminasie, word op kontrak gedoen).

Hof Hasharon is ook een van die pro-

duktiefste plase in Israel. Hulle spog met 'n produksie van sowat 13 800 kg melk per koei per jaar. In Israel is die gemiddelde 11 700 kg per koei per jaar (in Suid-Afrika is die totale kudde se gemiddelde produksie sowat 5 700 kg/koei/jaar).

“Dis die samevoeging van teelmateriaal en tegnologie wat ons so suksesvol maak,” sê mnr. Noa Yonish, bemerkings- en kommunikasiebestuurder van Afrimilk.

NUUTSTE TEGNOLOGIE

Die nuutste tegnologie toevoeging is natuurlik die splinternuwe MCS-stelsel. Melk vloei vanaf die koei deur 'n melkmeter wat produksie meet. Daarna gaan dit deur die AfiLab-stelsel, wat die melksamestelling (koaguleringsseienskappe) van elke 200 cm³ melk van elke koei in werklike tyd meet. Die melkmeter stel dan 'n spesiale klep in werking wat die melk in twee rigtings stuur. Na gelang van die melk se verdikkingseienskappe word dit na die regte grootmaat-melktenk gekanaliseer. Só word die melk waarmee kaas gemaak word, geskei van die melk wat vir vloeibare melkprodukte bestem is.

“Die unieke tegnologie steun slegs op optiese waarneming en kanalisering. Geen manipulasie, veranderinge, verhitting of nuwe bestanddele word bygevoeg nie,” sê Noa.

Die bedryf- en bestuurstelsel is 'n wolkgebaseerde diens (dit beteken data word digitaal gebêre) en melkboere kan die melk se verhoudings na gelang van die melkkoper se behoeftes aanpas.

VOORDELE

Melkverwerkers kry 'n beter produksie-opbrengste en ook groter proteïendoeltreffendheid. Die stolyd is ook tot 20% vinniger. Nóg 'n belangrike voordeel vir melkkopers is ▶



BO: Hof Hasharon is een van die produktiefste en gevorderdste melkplase in Israel. Hul gemiddelde melkproduksie is 13 800 kg melk per koei per jaar. Die land se gemiddelde produksie is 11 700 kg per koei per jaar.

INLAS: Mnr. Noa Yonish

LINKS: Tegnologie voer die botoon op Israeliese melkplase. Danksy Dairy Reform is boere aangemoedig om hul infrastruktuur op te knap en doeltreffender te maak.

ONDER: Israeliese melkboere streef na 'n Holstein-bees wat geneties voortreflik is sodat hulle soveel melk moontlik kan produseer.

REGS ONDER: Die MCS-stelsel bestaan uit 'n optiese ontleder (AfiLab) wat die samestelling van elke 200 cm³ melk van elke koei ontlee. Die melkmeter kanaliseer dan die dikker en gewone melk na die regte tenke.

GEHEIM

SÓ VERHOOG BOERE MELKPRODUKSIE

Die geheime resep vir Israel se uitstekende melkproduksie is drievoudig: Teelmateriaal, tegnologie en die boere se vermoëns.

“Iemand moet ál die data en inligting kan interpreteer. Israeliese boere is ervare en toegewyd daaraan,” sê mnr. Daniel Hojman, wat verantwoordelik is vir die beroepsdiens by Afimilk se hoogs gemeganiseerde en tegnologie gevorderde Hof Hasharon-melkplaas. Byna alle funksies word met die Afimilk-gerekenariseerde stelsels gedoen.

Israel se melkboere streef daarna om 'n geneties voortreflike melkkoei te produseer.

“Ons soek produktiewe, gesonde koeie wat maklik dragtig raak en maklik is om te bestuur. Aangesien ons koeie baie melk

moet produseer, is ons nie haastig dat hulle dragtig raak nie. Ons doen 'n ekonomiese berekening oor die beste tyd vir ons toestande en daarvolgens het ons gevind 'n tussenkalfperiode van gemiddeld 424 dae werk die beste. Die droë tydperk is sowat 65 dae. Laktasies is dus ongeveer 360 dae. Ons het gevind dit hou die grootste ekonomiese voordeel vir die boer,” sê Daniel.

Koeie wat nie dragtig raak of nie produktief is nie, word verkoop.

“Boere hier het melkleweringskwotas en mag net 'n sekere hoeveelheid melk produseer sodat die melkprys nie daal nie. Dit word deur die regering gereguleer en boere, verwerkingsaanlegte en die departement van landbou en dié van ekonomie het daarvoor saamgestem. Oorproduksie word verkoop teen 'n prys wat skaars jou



ONS WAS DAAR!

Lucille Botha het onlangs Israel besoek as 'n gas van die Israeliese regering en die Instituut vir Uitvoer en Internasionale Samewerking. Hulle het onder meer gaan kyk hoe die Israeliese landboubedryf dit regkry om sy landbouproduksie in die woestyn te verbeter met so min as moontlik hulpbronne. Israel is ook 'n leier op die gebied van landboutegnologie, soos besproeiing en melkstelsels. 'n Internasionale landbou-ekspo, Agritech, word vanjaar in April in Tel Aviv aangebied en belooft om 'n hoogtepunt op vanjaar se internasionale landboukalender te wees.



◀ dat die melk 48 uur tot 72 uur langer opgeberg kan word voor dit verwerk moet word.

Die hoeveelheid wei waarvan produsente moet ontslae raak of herwin, is ook minder. Boonop het boere met dié stelsel minder elektrisiteit en arbeid nodig.

“Jy kan ook dieselfde hoeveelheid kaas maak met minder koeie. Dit verminder jou daaglikse voerbehoefes, omgewingsimpak en ook die hoeveelheid water en reinigingsmiddels wat jy nodig het.”

MAKLIK GEÏNSTALLEER

Afimilk ontwikkel al die afgelope 40 jaar lank melktechnologie en -sagteware. Dit word in meer as 50 lande gebruik. Hulle was vir 'n hele aantal eerstes in die melkbedryf verantwoordelik, onder meer die elektroniese melkmeter, 'n kommersiële pedometer wat hitte bespeur, die melkplaasbestuurstelsel, 'n aanlyn-melkontleider en nou ook die eerste melkklasifiseringstelsel.

Die MCS-stelsel kan maklik in 'n bestaande melkstal wat met die Afimilk-stelsel toegerus is, geïnstalleer word.

Volgens Noa is die installeringskoste ook “redelik” en 'n boer kan binne twee tot drie jaar 'n opbrengs op sy belegging verwag.

INFRASTRUKTUUR

OMWENTELING IN BEDRYF

Tussen 1997 en 2007 het Israel 'n omwenteling in sy melkbedryf teweeg gebring deur koeistalle op te knap en omgewingsvriendelike infrastruktuur gereed te kry.

Die Dairy Reform moes besoedeling beperk en die land se waterbronne beskerm. Dit het ook melkboere aangemoedig om groter, mededingender en doeltreffender te raak. Altesame 89% van die land se melkplase het dit in werking gestel.

Dit was geweldig suksesvol, want daar was 'n afname van 30% in die aantal melkplase en die nasionale melkproduksie het met 9% gestyg. En deesdae produseer sowat 'n derde van Israel se koeie nie net melk nie, maar ook hernieubare energie.

Israel het sowat 970 plase met ongeveer

120 000 Holstein-beeste en 150 000 skape en bokke. Sowat 1 313 miljoen liter koemelk, 9 miljoen liter skaapmelk en 11 miljoen liter bokmelk word jaarliks geproduseer.

Daar is hoofsaaklik twee tipes melkboerderye in Israel, naamlik familieboerderye (moshavs) en koöperatiewe plase (kibboetse). Die moshavs hou gemiddeld 65 koeie aan wat daaglik twee tot drie keer gemelk word. Op 'n kibboets word gemiddeld 350 koeie drie keer per dag gemelk.

Israel het 75 melkverwerkers, maar sowat 70% van die melk word deur TNUVA, die grootste koöperatiewe aanleg, verwerk.

Die land spog met meer as 1000 verskillende melkprodukte op sy rakke. Sagte kaas (32%) is die grootste melkprodukt in die land. Sowat 32% van die melkproduksie word as vloeibare melk verkoop. Harde kaas (23%) en gefermenteerde melk en nagereg-

“Elke liter gekoaguleerde melk kan 10%-15% meer kaas gee. Hierdie enorme wins maak dit vir verwerkers moontlik om 'n premie aan die boere te betaal.”

Dit is nie tans in Suid-Afrika beskikbaar nie. Buiten Israel, is dit nog net in Italiaanse

melkstalle te sien. Die MCS-stelsel is verlede jaar as die beste vernuwing in melkkuddebestuur by die Internasionale Melkekspo in Madison, Wisconsin, aangewys. **LBW**

KONTAK: Mnr. Noa Yonish by e-pos: noa@afimilk.